



eduresourceza.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
VRAESTEL 2
GRAAD 12
Totaal: 100
NASIENRIGLYNE



LETTERKUNDE

VRAAG 1 GREG SE LEWE IN SANDHURST

- 1.1 “As jy wil wraak neem moet jy twee grafte grawe.”
- 1.1.1 Waarom wil Greg wraak op die Baker neem? Noem twee belangrike redes. (2)
Die Baker was ook deel van Project Nursery Rhyme en hy is nie in die tronk nie. Greg sal minder skuldig voel as die Baker ook in die tronk is
- 1.1.2 Hoe wil Greg wraak op die Baker neem? (1)
Hy wil hom opspoor en laat opsluit.
- 1.1.3 Watter ander persoon was ook 'n slagoffer van die Baker se dade? (1)

Eckardt

1.2

Ons huis in Sandhurst het 'n skemeragtige plek geword, meestal sonder klank, buiten vir 'n luiende selfoon, 'n motor in die straat, 'n sjef wat kosmaak in die kombuis, of wanneer ek doelbewus musiek hard aansit om die stilte te verdryf.

Bladsy 1

- 1.2.1 Noem twee redes waarom die huis so verander het. (2)
John is dood en Chris Owen is in die tronk.
- 1.2.2 Wie sal nou in die huis agterbly? (1)
Greg se ma
- 1.2.3 Motiveer jou antwoord in 1.2.2. (1)
Greg gaan Stellenbosch toe om te studeer.
- 1.2.4 Noem twee dinge wat hierdie persoon doen om die alleenheid te verwerk. (2)
Sy trek die gordyne toe en dan skree sy. Sy het 'n buite-egtelike verhouding.

1.3

Die dag toe die geraamtes uit die kas val, was beslissend vir ons gesin. Met geld wat veilig in trustfondse weggebêre is, het dit ons nie finansiëel so erg geknou nie. Maar dit het ons gesin verpletter. Ek sien dit nou nog voor my geestesoo. Hoe ons die aand terug by die huis kom nadat ons uit Clarens weggery het.

- 1.3.1 Waarom het Greg en sy ma uit Clarens weggery? (1)
Hy is uit Lawson Kollege geskors en moes sy goed uit sy koshuiskamer gaan haal.

- 1.3.2 Waarmee was Greg besig in die tyd vandat hy by Lawson Kollege weg is totdat hy universiteit toe is? (1)

Hy moes in die hof teen sy pa getuig.

- 1.3.3 Waarom het die vriendskap tussen Xander en Greg nie uitgewerk nie? (1)

Xander het hom gemanipuleer om wraak te neem.

- 1.3.4 Verduidelik hoe Greg nou Xander se hulp wil gebruik. (1)

Xander kan hom met sy kuberkrakery help om die Baker op te spoor.

- 1.3.5 Watter voordeel sal Xander daaruit kry wanneer hy Greg help? (1)

Hy sal ook op die Baker kan wraak neem.

[15]

VRAAG 2 'N NUWE BEGIN OP STELLENBOSCH

2.1

Dis waar ek stilhou. Ek grawe in die paneelkissie vir die sleutel wat die eiendomsagent vir my gekoerier het. Drie meisies kom verbygestap toe ek my laptopsak oor my skouer slinger en 'n boks uit die katebak haal. Hulle lag in my rigting, een van hulle draai later om en kyk na my. "Is jy ook eerstejaar?" vra die een met die donkerbruin hare wat in 'n wolkerige bondel agter haar kop vasgemaak is. Los T-hemp en skinny jeans.

- 2.1.1 Wat is die naam van die eerste persoon wat met Greg gesels wanneer hy by sy nuwe blyplek aankom? (1)

Chloe

- 2.1.2 Gee een rede waarom Greg nie lus is om met haar te gesels nie. (1)

Hy is nie lus om vrae oor sy pa te beantwoord nie.

- 2.1.3 Watter ander persoon uit Greg se verlede studeer ook aan hierdie universiteit? (1)

Plank

- 2.1.4 Wat is, volgens Plank, die rede waarom hy by Stellenbosch studeer? (1)

Daar is mooi meisies.

- 2.1.5 Vir watter kursus het Greg ingeskryf? (1)

Sportwetenskappe

2.2

"Hoe weet jy van my?" "Wan jy's famous. Die Baker praat baie van jou." Nog 'n rotsstorting rammel deur my. "Lyste, tjommie, Baker issie jou speelmaat ie. Hal sy naam yt jou bek yt. Moenie dink jou tōpie kap safe daa innie Pretoria nie. Ōs dala 'n DHL-nomme, ōs het mense orals."

- 2.2.1 Waaroor is Greg bekommerd nadat hy hierdie woorde gehoor het? (1)

Hy is bang hulle sal sy pa in die tronk aanval.

- 2.2.2 Hoekom sou dit nie help om die wagte by Kgosi Mampuru van die dreigement te laat weet nie? (1)

Hulle is gewoond aan geweld en sal niks daaraan doen nie.

2.3

“Dink oom ek moet dit los?” “Dis ’n moeilike een. Jy is nou al so ver in die ding.” Hy dink ’n rukkie. “Is jy ’n quitter, Greg Owen?” Ek skud my kop, ons oë vas in mekaar s’n. “Daar is jou antwoord.” Hy sit sy hand op my voorarm. “Jy los net my Lisa-kind uit die ding uit. As sy seerkry, hang ek jou op aan daardie Gordiaanse tou.” Hy gee ’n laggie. Maar ek weet hy is dodelik ernstig.

Skryf ’n **paragraaf van tussen 80–120 woorde** oor Dirk Schutte se rol in Greg se lewe. In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wie is Dirk Schutte? (1)
Lisa se pa en hy was in die polisie
- Hoe het Dirk Schutte opgetree toe hy Greg die eerste keer gesien het? (1)
Hy het Plank en Greg verbied om iets met sy dogter te doen te hê.
- Waarom het Dirk hom by die universiteit kom soek? (1)
Hy wou om verskoning vra vir sy gedrag.
- Waarom besluit Greg om met Dirk by sy huis te gaan praat? (1)
Hy het raad nodig oor hoe hy die Baker kan opspoor.
- Hoe verskil die raad wat Dirk die eerste keer vir hom gegee het, van die raad wat hy nou vir hom gee? (2)
Dirk het eers gesê dat hy moet wegbly van die Baker af en nou moedig hy hom aan om hom te soek.
- Hoe het Dirk se houding teenoor Plank verander? (2)
Hy het Plank verbied om vir Lisa te sien, maar hy gee hom toestemming om weer by haar te kuier.

[15]

VRAAG 3 DIALOOG

Toe Greg en Plank in Turkye aankom, weet Xander nie dat Plank ook daar is nie.

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Greg en Plank**. Skryf SLEGS die **vraagnummer en Greg se woorde** neer. Laat ’n reël na elke antwoord oop.

- 3.1 Plank: Hoekom moes ons nou eintlik Turkye toe kom?
Greg: **Ons moet vir Xander daar ontmoet sodat hy ons kan help om die Baker op te spoor.** (1)
- 3.2 Plank: Waar moet jy vir Xander ontmoet?
Greg: **By die Basilica Cistern.** (1)
- 3.3 Plank: Hoekom moet jy hom nou juis daar ontmoet?
Greg: **Xander weet nie of hy my kan vertrou nie en wil dit tussen baie ander mense doen.** (2)

- 3.4 Plank: Hoe het Xander reageer toe hy agterkom dat jy nie die transponderder in jou eie hand ingeplant het nie?
Greg: **Hy was woedend en weier nou om my te help.** (1)
- 3.5 Plank: Wat het Xander laat besluit om weer met jou te praat?
Greg: **Sy meisie het hom oortuig om my 'n tweede kans te gee.** (1)
- 3.6 Plank: Waar kom sy oorspronklik vandaan?
Greg: **Suid-Afrika** (1)
- 3.7 Plank: Wat het Xander oor my te sê gehad?
Greg: Hy het gesê hy onthou dat jy altyd die **klasclohn was.** (1)
- 3.8 Plank: Hy kan seker ook onthou hoekom ek so opgetree het ...
Greg: Ja, hy onthou dat jy altyd **dagga agter die pawiljoen gerook het.** (1)
- 3.9 Plank: Ek onthou Xander baie goed, maar waarom het hy nou 'n ander naam?
Greg: Eckardt was net sy **skuilnaam of "Hacker"-naam.** (1)
- 3.10 Plank: Ek kan nog steeds nie glo jy het stilgebly oor die gebrande boekie nie.
Waarom het jy hom nie daarvan vertel nie?
Greg: Ek wou eers **sekermaak dat ek hom kan vertrou.** (1)
- 3.11 Hoe het hulle die boekie toe gekry en wat was Xander se reaksie?
Greg: **Hulle het in my tas gekrap terwyl ek gestort het. Xander het gesê dat hy my nie meer vertrou nie.** (2)
- 3.12 Plank: Dit is seker maar beter dat hulle die boekie het ...
Greg: Ja, **Xander moes sy planne verander omdat hy nie al die inligting gehad het nie.** (1)
- 3.13 Plank: Hoe beplan Xander nou om die Baker te lok?
Greg: Noudat hy die boekie het **gaan hy eerder iemand soek wat hom kan help om gif te maak.** (1)

[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**TEMA: Greg se verhouding met sy pa**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **Greg se verhouding met sy pa**.

1. Inleiding**2. Greg se matriekjaar**

- Waarom is Greg na Lawson Kollege gestuur? (1)
Almal wat bekend was se kinders is daarheen om hulle voor te berei vir 'n suksesvolle loopbaan.
- By watter organisasie was Greg se pa betrokke? (1)
Die Vrymesselaars
- Waarom het Greg se pa in die tronk beland? (1)
Hy was deel van Project Nursery Rhyme wat mense se dood veroorsaak het.
- Watter aandeel het Greg in sy pa se arrestasie gehad? (1)
Greg het hom help ontmasker sonder dat hy dit geweet het.
- Hoe voel Greg oor sy aandeel in die arrestasie? (1)
Hy voel skuldig dat hy gehelp het om sy pa te ontmasker.
- Het Greg enige idee gehad waarmee sy pa besig was? (1)
Nee, Hy het gedink sy pa het net sy eie mediamaatskappy.

3. Greg as getuie in die hof

- Waarom is Greg aanvanklik gearresteer? (1)
Hy was by kuberkraking betrokke.
- Dink jy dat Greg die polisie sou help as hy geweet het waarby sy pa betrokke was? Motiveer jou antwoord. (1)
Hy sou waarskynlik nie, want hy sou weet dat sy pa tronk toe sou gaan.
- Waarom was dit nodig dat Greg in die hofsaak getuig? (1)
Hy moes getuig om te keer dat hyself in die tronk beland.
- Hoe lank het die hofsaak aangehou? (1)
1 ½ jaar lank

4. Greg nadat hy op Stellenbosch aangekom het.

- Hoe het Greg vir sy studies betaal? (1)
Daar was geld in 'n trust.

- Waarom het Greg probeer om ander studente te vermy? Gee twee feite. (2)
Die studente was kinderagtig en hy was nie lus om oor sy pa te praat/na verwyte te luister nie.
- Greg het sy pa die paasnaweek in die tronk gaan besoek. Hoekom het hy gaan kuier? (1)
Hy wou gaan sien hoe dit gaan en 'n paar vrae oor die Baker vra.
- Waarom het hy vir sy pa die McDonald's saamgeneem? (1)
Hy weet dat dit sy gunsteling is.
- Watter bewys is daar dat Chris Owen sy seun nog nie vergewe het nie. (1)
Hy beskuldig Greg daarvan dat hy hul gesin vernietig het.
- Hoekom sal Greg nie uit lidmaatskap by hierdie organisasie kan baat nie? (1)
Hy gaan nie sy eie besigheid hê nie en sal nie hulle hulp nodig hê nie.
- Waarom dink Greg dat sy pa nie eintlik voordeel uit sy lidmaatskap getrek het nie? (1)
Hulle moes hom beskerm, maar hy het steeds in die tronk beland.
- Waarom sou Greg se pa nie noodwendig met sy keuse van loopbaan saamstem nie? (1)
Sy pa wou graag hê dat hy in 'n besigheidsrigting moes studeer.
- Hoekom wil Greg nie in sy pa se voetspore volg nie? (1)
Hy wil nie 'n kloon van sy pa wees nie.

5. Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

[25]

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 5 TOESPRAAK

Jongmens — jy kan 'n verskil maak!

Skryf 'n toespraak van 250 tot 350 woorde waarin jy jou plan om 'n verskil te maak uiteensit en die stappe verduidelik. Jy mag jou beplanning in die vorm van 'n breinkaart met

seutelwoorde (nie meer as 40 woorde nie), gebruik om die toespraak te skryf.

Skryf die totale aantal woorde (getal) onderaan jou toespraak neer.

[20]

VRAAG 6

E-POS

Situasie:

Jy wil graag aan die einde van jou matriekjaar saam met jou vriende oorsee gaan toer.

Skryf 'n e-pos aan 'n reisagentskap (bv. *Trendsetters of Flight centre*).

Skryf 'n kort e-pos van 60–100 woorde waarin jy die reisagentskap

- vertel **waarheen** jy wil gaan;
- min of meer sê **wanneer** jy wil gaan; en
- vra **hoeveel** die vakansie gaan kos.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik.

Aan: _____

Onderwerp: _____

=====

Geagte Meneer/Mevrou

.....

Xxxx

.....

Xxxx

By voorbaat dank
(Jou naam)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte